Kennisgewing
Algemene Jaarvergadering
Hangklip/Kleinmond Gemeenskapspolisie Forum
17 November 2016 @ 18:00
Crassula Gemeenskapsaal, Betty's Baai

Die Algemene Jaarvergadering van die Hangklip/Kleinmond Gemeenskaps-Polisie Forum (GPF) geskied op 17 November 2016. Ons nooi alle gemeenskapsorganisies om hulself te verteenwoordig. Dit is belangrik dat Hangklip/Kleinmond só in die hoof-Forum aktief verseker dat ons gemeenskapsbehoeftes aandag kry.

Die RSA Grondwet voorsien vir GPF's. Die hoofdoel van 'n GPF is om gemeenskapsorganisasies en die SAPD in 'n vennootskap saam te snoer om veiligheids- en sekuriteitsake oplossings te soek en om samewerking tussen die gemeenskap en die SAPD te bevorder om die gemeenskap teen kriminele aktiwiteite te beskerm en so 'n veilige omgewing te skep. Tweede funksie van die GPF is om as burgerlike liggaam die plaaslike polisie se doeltreffendheid, verantwoordbaarheid en deursigtigheid te kontroleer en te bevorder.

Die toename in misdaad in ons gebiede vereis dat ons almal sorg dat die Forum die SAPD doeltreffend bystaan om maniere te vind om misdaad te bekamp en ook om met ons spesifieke probleme te handel.

Ons versoek alle belangstellende organisasies om as lede van die Forum te registreer en hul verteenwoordiger te benoem.

Vir verdere inligting kontak asseblief:

Mnr. E Richards 076 878 8860